

# “Ou” musiek in Museum

Die betowerende straattoneel in die Museum is onlangs verryk met die pragtige klanke van “outydse” musiek. Die uitstalling is ’n realistiese voorstelling van ’n straat in die begin van die 20ste eeu in Bloemfontein. ’n Toestel wat die musiek verskaf is onlangs in die “straatjie” met sy outydse winkeltjies en huisies aangebring.

Die musiek word voortgebring deur ’n elektronies-beheerde bandopname. Toe die straattoneel in November 1978 ingewy is, is musiek verskaf deur middel van ’n agt baan kassetstel wat onklaar geraak het. Kerkstraat was stil en talle mense het die museum personeel gevra wat van die musiek geword het.

Intussen is gesoek na ’n toestel wat nie probleme sou oplewer nie en mnr. Chris Swanepoel, musiekhoof van die S.A.U.K. is genader om behoorlike opnames te maak. Mnr. Swanepoel het van ou 78-plate en moderne plate gebruik gemaak. Die kenmerkende geruis op die ou opnames is nog duidelik hoorbaar.

Stap tussen die Oranje Apotheek en Madame René Wallace se modewinkel in “Kerkstraat” deur, draai regs en meteens hoor jy ’n ou gunsteling soos *Alexander’s Ragtime Band* of *In the Shade of the Old Apple Tree* ... dan kom jy af op ’n egte His Master’s Voice-grammofoon in die sitkamertjie van die huisie op linkerhand. En dit klink of die musiek uit die groot tuba-agtige luidspreker kom! Dit lyk ook of die plaat op die draaitafel werklik in die rondte draai.

Soos ’n museumbesoeker dan ook teenoor ’n metgesel opgemerk het: “Ek wonder wie draai elke keer die plaat om?” Sy was verras om te hoor dat die musiek op band is en dat jy self die bandopname in werking stel wanneer jy deur ’n onopsigtelike infra-rooi straal loop. Wanneer jy die straal “raak” word die bandopname geaktiveer en die eerste snit van die band word gehoor. Iemand moet dan eers weer by die infra-rooi straal verbyloop om die volgende snit in werking te stel.

Onder die “ou” opnames wat gehoor kan word, is juweeltjies soos ’n outentieke opname van die groot tenor Enrico Caruso (*O Sole mio*) en Adelina Patti se *The Banks of Allan Water*. Ander ou gunsteling is Mitch Miller se weergawe van *In the Shade of the*

*old Apple Tree*, *In the Good old Summertime* en *My Bonnie lies over the Ocean*, Big Ben Banjo Banc se *There is a tavern in the town* en *Knees up Motner Brown*.

Die moderne plate waarvan snitte gebruik is, sluit in The Julia Mann-sangers (onder meer *It’s a long way to Tipperary* en *Pack up your troubles in your old Kit-bag*), Sidney Bowman en sy orkes (*The Veleta* en *If those lips could only speak*).

Ander opnames is onder meer Dick Sinclair se *Ta-Ra-boom-de-re*, *Hot time in the Old Town* en Blanche Ring se *I’ve got Rings on my Fingers*.

Die musiek verhoog die geskiedkundige egtheid van die straatjie en die dae van weleer word weer ’n werklikheid



Die Volksblad

Mev. Tharina Koole van die Nasionale Museum in Bloemfontein by die ou grammofoon in ’n huisie in die straattoneel van die Museum wat nou weer “gehoor” kan word nadat die toestel, wat musiek verskaf het sowat twee jaar gelede onklaar geraak het, en onlangs met ’n nuwe moderne aparatuur vervang is. Wanneer die musiek deur ’n infra-rooi straal aan die gang gesit word, klink dit kompleet of dit uit die ou luidspreker kom.